Remgro Beperk

GEOUDITEERDE GEKONSOLIDEERDE RESULTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2012 EN VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

HOOFTREKKE

+26.1% Wesensverdienste per aandeel op 'n vergelykbare grondslag

+25.1% Gewone dividend per aandeel op 'n vergelykbare grondslag

R152.61 Intrinsieke waarde per aandeel op 30 Junie

www.remgro.com / Registrasienommer 1968/006415/06 / ISIN ZAE000026480 / Aandelekode REM

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE STAND

	30 Junie 2012 R'm	30 Junie 2011 R'm
BATES		
Nie-bedryfsbates		
Eiendom, aanleg en toerusting	**3 485**	3 098
Biologiese landboubates	**99**	131
Beleggingseiendomme	**37**	41
Ontasbare bates	**356**	327
Beleggings – Geassosieerde maatskappye	**38 321**	34 920
– Gesamentlike ondernemings	**130**	252
– Ander	**1 587**	6 059
Aftreevoordele	**164**	149
Lenings	**115**	139
Uitgestelde belasting	**6**	7
	44 300	45 123
Bedryfsbates	**13 727**	10 864
Voorraad	**2 002**	1 476
Biologiese landboubates	**476**	445
Debiteure en korttermynlenings	**2 071**	1 968
Belegging in geldmarkfondse	**2 344**	1 725
Kontant en kontantekwivalente	**6 484**	4 315
Ander bedryfsbates	**136**	171
	13 513	10 100
Bates gehou vir verkoop	**214**	764
Totale bates	**58 027**	55 987
EKWITEIT EN LASTE		
Uitgereikte kapitaal	**3 605**	3 605
Reserwes	**50 018**	48 170
Tesourie-aandele	**(169)**	(216)
Aandeelhouersekwiteit	**53 454**	51 559
Nie-beherende belang	**799**	771
Totale ekwiteit	**54 253**	52 330
Nie-bedryfslaste	**981**	1 481
Aftreevoordele	**203**	238
Langtermynlenings	**105**	154
Uitgestelde belasting	**673**	1 089
Bedryfslaste	**2 793**	2 176
Handels- en ander krediteure	**2 493**	2 160
Korttermynlenings	**279**	3
Ander bedryfslaste	**21**	13
Totale ekwiteit en laste	**58 027**	55 987
Netto batewaarde per aandeel (Rand)		
– Teen boekwaarde	**R103.93**	R100.37
– Teen intrinsieke waarde (ongeouditeer)	**R152.61**	R135.97

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	Twaalf maande geëindig 30 Junie 2012 R'm	Vyftien maande geëindig 30 Junie 2011 R'm
Verkope	**13 532**	14 955
Voorraaduitgawes	**(8 517)**	(9 015)
Personeelkoste	**(2 405)**	(2 729)
Waardevermindering	**(354)**	(387)
Ander netto bedryfsuitgawes	**(1 484)**	(2 160)
Handelswins	**772**	664
Dividendinkomste	**175**	155
Rente ontvang	**243**	205
Finansieringskoste	**(21)**	(35)
Negatiewe klandisiewaarde	**–**	112
Netto waardedaling van beleggings, lenings, bates en klandisiewaarde	**(295)**	(68)
Wins met die verkoop en ontbondeling van beleggings	**4 421**	2 283
Gekonsolideerde wins voor belasting	**5 295**	3 316
Belasting	**(462)**	(480)
Gekonsolideerde wins na belasting	**4 833**	2 836
Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings	**4 532**	8 112
Netto wins vir die tydperk	**9 365**	10 948
Toeskryfbaar aan:		
Ekwiteithouers	**9 284**	10 841
Nie-beherende belang	**81**	107
	9 365	10 948
GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE EN GESAMENTLIKE ONDERNEMINGS		
Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings		
Wins voor inagneming van waardedalings, nie-herhalende en kapitale items	**6 094**	7 624
Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**(197)**	(102)
Wins met die verkoop van beleggings	**381**	2 759
Ander nie-herhalende en kapitale items	**38**	389
Wins voor belasting en nie-beherende belang	**6 316**	10 670
Belasting	**(1 405)**	(2 010)
Nie-beherende belang	**(379)**	(548)
	4 532	8 112

WESENSVERDIENSTE REKONSILIASIE

	Twaalf maande geëindig 30 Junie 2012 R'm	Vyftien maande geëindig 30 Junie 2011 R'm
Netto wins vir die tydperk toeskryfbaar aan ekwiteithouers	**9 284**	10 841
Plus/(minus):		
– Negatiewe klandisiewaarde	**–**	(112)
– Netto waardedaling van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings	**26**	(14)
– Waardedaling van ander beleggings	**239**	–
– Waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting	**3**	40
– Realisasie van buitelandse valuta-omskakelingreserwes	**94**	–
– Wins met die verkoop van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings	**(1 056)**	(2 312)
– (Wins)/verlies met die verkoop van ander beleggings	**(3 455)**	54
– Wins met die verkoop van filiaalmaatskappy	**–**	(25)
– Netto (wins)/verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(79)**	1
– Nie-wesensverdienste items ingesluit by geëkwiteerde verdienste van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings	**(241)**	(3 122)
– Netto wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(19)**	(76)
– Wins met die verkoop van beleggings	**(381)**	(2 759)
– Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**197**	102
– Ander nie-herhalende en kapitale items	**(38)**	(389)
– Belastinguitwerking van aansuiwerings	**181**	165
– Nie-beherende belang	**117**	39
Wesensverdienste	**5 113**	5 555

VERDIENSTE EN DIVIDENDE

	Twaalf maande geëindig 30 Junie 2012 Sent	Vyftien maande geëindig 30 Junie 2011 Sent
Wesensverdienste per aandeel		
– Basies	**994.6**	1 082.4
– Verwater	**974.3**	1 050.4
Verdienste per aandeel		
– Basies	**1 805.9**	2 112.4
– Verwater	**1 783.7**	2 072.3
Dividende per aandeel		
Gewoon	**314.00**	314.00
– Tussen	**126.00**	101.00
– Finaal	**188.00**	213.00

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Twaalf maande geëindig 30 Junie 2012 R'm	Vyftien maande geëindig 30 Junie 2011 R'm
Netto wins vir die tydperk	**9 365**	10 948
Ander omvattende inkomste, netto van belasting	**(1 827)**	(1 361)
Wisselkoersaanpassings	**792**	(244)
Billike waarde aanpassings vir die tydperk	**(866)**	(807)
Uitgestelde belasting op billike waarde aanpassings	**199**	145
Herklassifikasie van reserwes na die inkomstestaat	**(3 000)**	(14)
Veranderinge in reserwes van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings	**1 048**	(441)
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**7 538**	9 587
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:		
Ekwiteithouers	**7 457**	9 480
Nie-beherende belang	**81**	107
	7 538	9 587

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

	Twaalf maande geëindig 30 Junie 2012 R'm	Vyftien maande geëindig 30 Junie 2011 R'm
Saldo aan die begin van die tydperk	**52 330**	44 083
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**7 538**	9 587
Dividende betaal	**(1 809)**	(1 220)
Kapitaal deur minderhede geïnvesteer	**6**	14
Ander bewegings	**1**	(81)
Langtermyn aandele-aansporingskemareserwe	**84**	64
Ontbondeling van belegging	**(3 897)**	(117)
Saldo aan die einde van die tydperk	**54 253**	52 330

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

	Twaalf maande geëindig 30 Junie 2012 R'm	Vyftien maande geëindig 30 Junie 2011 R'm
Kontant uit bedrywighede voortgebring	**949**	381
Belasting betaal	**(431)**	(407)
Dividende ontvang	**3 150**	2 563
Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite	**3 668**	2 537
Dividende betaal	**(1 819)**	(1 220)
Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite	**1 849**	1 317
Beleggingsaktiwiteite	**124**	(758)
Finansieringsaktiwiteite	**139**	87
Netto toename in kontant en kontantekwivalente	**2 112**	646
(Toename)/afname in geldmarkfondse	**(619)**	87
Wisselkoerswins/(-verlies) op buitelandse kontant	**586**	(159)
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk	**4 315**	3 741
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	**6 394**	4 315
Kontant en kontantekwivalente – per staat van finansiële stand	**6 484**	4 315
Oortrokke bankrekening	**(90)**	–

ADDISIONELE INLIGTING

	30 Junie 2012	30 Junie 2011
Aantal aandele uitgereik		
– Gewone aandele van 1 sent elk	**481 106 370**	481 106 370
– Ongenoteerde B-gewone aandele van 10 sent elk	**35 506 352**	35 506 352
Totale aantal aandele uitgereik	**516 612 722**	516 612 722
Aantal aandele in tesourie gehou		
– Gewone aandele teruggekoop en in tesourie gehou	**(2 279 155)**	(2 918 266)
	514 333 567	513 694 456
Geweegde aantal aandele	**514 090 014**	513 209 003

In die bepaling van verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel is die geweegde aantal aandele in berekening gebring.

ADDISIONELE INLIGTING (VERVOLG)

	30 Junie 2012 R'm	30 Junie 2011 R'm
Genoteerde beleggings		
Geassosieerd		
– Boekwaarde	**25 713**	23 380
– Markwaarde	**40 601**	32 086
Ander		
– Boekwaarde	**768**	5 482
– Markwaarde	**768**	5 482
Ongenoteerde beleggings		
Geassosieerd		
– Boekwaarde	**12 608**	11 540
– Direkteurswaardasies (ongeouditeer)	**23 464**	19 695
Gesamentlike ondernemings		
– Boekwaarde	**130**	252
– Direkteurswaardasies (ongeouditeer)	**130**	250
Ander		
– Boekwaarde	**819**	577
– Direkteurswaardasies	**819**	577
Toevoegings tot en vervanging van eiendom, aanleg en toerusting	**771**	612
Kapitaal- en beleggingsverpligtinge (Ingesluit bedrae gemagtig, maar nog nie gekontrakteer nie)	**5 678**	1 693
Waarborge en voorwaardelike aanspreeklikhede*	**2 420**	2 472
Dividende ontvang vanaf geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings teen beleggings verreken (die 30 Junie 2011 bedrag sluit die MMI en RMI Holdings ontbondelingsdividende ten bedrae van R6 174 miljoen in)	**2 942**	8 305

** Die waarborge en voorwaardelike aanspreeklikhede hou hoofsaaklik verband met drie wesentlike onopgeloste geskille met SAID. Twee van die geskille ten bedrae van R1 337 miljoen hou verband met die terugkoop en kansellasie van tesourie-aandele, terwyl die derde geskil ten bedrae van R736 miljoen gaan oor die verkoop van beleggings (albei bedrae sluit rente in). Die aanslae word betwis op grond van regsadvies ontvang.*

KOMMENTAAR

1. VERANDERING IN FINANSIËLE JAAREINDE EN VERGELYKING MET VORIGE TYDPERK

Soos voorheen gerapporteer, is die maatskappy se finansiële jaareinde vanaf 31 Maart tot 30 Junie verander met ingang van 30 Junie 2011. Weens die verandering in jaareinde is die resultate vir die twaalf maande tot 30 Junie 2012 waaroor verslag gedoen word, nie direk vergelykbaar met dié van die vyftien maande tot 30 Junie 2011 nie. Die hoofrede daarvoor is dat verskillende rekeningkundige tydperke van sekere beleggingsmaatskappye in die vergelykende tydperke wat aangebied word, verantwoord is.

Die mees betekenisvolle van die beleggingsmaatskappye waarna hierbo verwys word, is die volgende:

- Air Products en Mediclinic – verantwoord vir twaalf maande in beide tydperke
- Rainbow, Tsb Sugar, Unilever en Wispeco – verantwoord vir twaalf maande vir die jaar onder oorsig, teenoor vyftien maande in die vergelykende tydperk
- Distell, FirstRand, Kagiso, PGSI, RMBH en Total – verantwoord vir twaalf maande vir die jaar onder oorsig, teenoor agtien maande in die vergelykende tydperk

Ten einde aandeelhouers in staat te stel om 'n betekenisvolle vergelyking met die resultate van die twaalf maande onder oorsig te maak, het ons as bykomende inligting 'n ontleding van wesensverdienste vir die vergelykende twaalf maande geëindig 30 Junie 2011 voorberei. 'n Opsomming van hierdie vergelykbare resultate word in die "Bydrae tot wesensverdienste" tabel hieronder aangebied en in die segmentinligting wat in Bylaag A aangebied word.

Met ingang van 25 Junie 2012 is die belegging in Impala Platinum Holdings Beperk as 'n dividend *in specie* aan Remgro-aandeelhouers uitgekeer. Weens die grootte van die transaksie is sekere items in die staat van finansiële stand en inkomstestaat dus nie direk vergelykbaar met dié van die vorige tydperk nie.

2. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die finansiële jaarstate word volgens die historiese kostegrondslag, tensy anders vermeld, ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS), ingesluit *IAS 34: Tussentydse Finansiële Verslagdoening*, en ooreenkomstig die vereistes van die Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig, en die Noteringsvereistes van die JSE Beperk opgestel. Die finansiële state is onder die toesig van die hoof finansiële beampte, Leon Crouse GR(SA), opgestel.

Hierdie finansiële state inkorporeer rekeningkundige beleid wat konsekwent in beide tydperke wat aangebied word, toegepas is, met die uitsondering van die implementering van die gewysigde *IAS 24: Verwante Party Openbaarmaking*. Die implementering van die gewysigde rekeningkundige standpunt het slegs openbaarmaking beïnvloed en het geen uitwerking op die resultate van die huidige of vorige tydperke nie.

3. RESULTATE

Wesensverdienste

Wesensverdienste vir die twaalf maande tot 30 Junie 2012 het R5 113 miljoen bedra teenoor R5 555 miljoen vir die vyftien maande tot 30 Junie 2011, 'n afname van 8.0%. Wesensverdienste per aandeel het met 8.1% van 1 082.4 sent tot 994.6 sent afgeneem.

Op 'n vergelykbare grondslag egter, vergeleke met die twaalf maande geëindig 30 Junie 2011, het wesensverdienste met 26.3% vanaf R4 049 miljoen tot R5 113 miljoen toegeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel met 26.1% vanaf 788.8 sent tot 994.6 sent toegeneem het.

Bydrae tot wesensverdienste

	Twaalf maande geëindig 30 Junie 2012 R'm	% *Verandering*	Twaalf maande geëindig 30 Junie 2011 R'm	Vyftien maande geëindig 30 Junie 2011 R'm
Finansiële dienste	**2 538**	*32.5*	1 915	2 845
Nywerheidsbelange	**2 236**	*15.9*	1 930	2 512
Mediabelange	**93**	*200.0*	31	20
Mynbelange	**148**	*32.1*	112	112
Tegnologiebelange	**77**	*(20.6)*	97	111
Ander beleggings	**22**	*(12.0)*	25	28
Sentrale tesourie	**140**	*84.2*	76	89
Ander netto korporatiewe koste	**(141)**	*(2.9)*	(137)	(162)
	5 113	*26.3*	4 049	5 555

Verwys na Bylae A en B vir segmentinligting.

Die kommentaar wat hierop volg is gebaseer op 'n vergelyking van die resultate van die jaar onder oorsig met dié van die twaalf maande geëindig 30 Junie 2011.

Finansiële dienste

Die bydrae van finansiële dienste het R2 538 miljoen (2011: R1 915 miljoen) bedra. Die toename van 32.5% is hoofsaaklik toe te skryf aan die sterk bedryfsprestasies in beide FNB en WesBank, sowel as die insluiting van die resultate van RMI Holdings vir die volle twaalf maande onder oorsig, teenoor slegs vier maande in die vergelykende tydperk.

Nywerheidsbelange
Die bydrae van die nywerheidsbelange tot wesensverdienste het met 15.9% tot R2 236 miljoen (2011: R1 930 miljoen) toegeneem. Mediclinic en Unilever se bydraes tot wesensverdienste het onderskeidelik R491 miljoen en R367 miljoen (2011: R474 miljoen en R312 miljoen) bedra. Distell se bydrae tot wesensverdienste, wat die beleggings in Capevin Holdings en Capevin Investments insluit, het R324 miljoen (2011: R328 miljoen) bedra. Rainbow se bydrae tot wesensverdienste het R197 miljoen (2011: R220 miljoen) bedra. Rainbow ondervind tans moeilike handelstoestande en resultate word wesentlik beïnvloed deur rekordvlakke van goedkoop invoere en deur stygende insetkoste. Total South Africa se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R124 miljoen (2011: R191 miljoen) bedra. Total South Africa het negatiewe voorraadherwaardasies gedurende die twaalf maande onder oorsig gerapporteer, teenoor aansienlike gunstige voorraadherwaardasies in die vergelykende tydperk. Met ingang van 1 Julie 2011 het Kagiso Trust Investments (KTI) en die Tiso groep as 'n nuwe entiteit, Kagiso Tiso Holdings (KTH), saamgesmelt. KTH se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R93 miljoen (2011: Remgro se deel van KTI se wesensverdienste – R59 miljoen) bedra. Gedurende die jaar onder oorsig is KTH se resultate positief beïnvloed deur gunstige billike waarde aanpassings wat verband hou met sy belange in Exxaro Resources Beperk en MMI Holdings Beperk. Tsb Sugar het uitstekende resultate gerapporteer met 'n bydrae tot wesensverdienste van R352 miljoen (2011: R134 miljoen). Hierdie toename is hoofsaaklik die gevolg van hoër plaaslike en uitvoer-suikerpryse, sowel as 'n beter bedryfsvertoning van Tsb Sugar se meuleaktiwiteite, danksy hoër suikerproduksie. Daar moet ook gelet word daarop dat Tsb Sugar se 2011-resultate 'n nie-herhalende uitgawe van R43 miljoen insluit wat verband hou met die sluiting van 'n pensioenfonds. Grindrod het R88 miljoen tot wesensverdienste bygedra vir die agt maande sedert verkryging.

Mediabelange
Mediabelange bestaan hoofsaaklik uit die belange in Sabido, MARC en Premier Team Holdings (PTH). Sabido se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R129 miljoen (2011: R116 miljoen) bedra. MARC het R11 miljoen tot wesensverdienste bygedra (2011: R17 miljoen verlies). Daar moet gelet word daarop dat MARC se vergelykende resultate 'n negatiewe billike waarde aanpassing van R22 miljoen insluit op die omskeppingsreg wat verband hou met die MARC omskepbare voorkeuraandele. PTH se bydrae tot wesensverdienste was 'n verlies van R35 miljoen (2011: R37 miljoen verlies). Geen inkomste van One Digital Media is gedurende die jaar onder oorsig verantwoord nie (2011: R31 miljoen verlies), aangesien die belegging gedurende April 2012 verkoop is.

Mynbelange
Tot die ontbondeling van Implats aan Remgro-aandeelhouers gedurende Junie 2012, was Implats die enigste oorblywende belegging wat onder mynbelange gerapporteer was. Dividende wat gedurende die jaar onder oorsig van Implats ontvang is, het R148 miljoen (2011: R112 miljoen) bedra.

Tegnologiebelange
Tegnologiebelange verteenwoordig hoofsaaklik die belange in die CIV groep van maatskappye en die belegging in SEACOM. Vir die jaar onder oorsig het die CIV groep R85 miljoen tot Remgro se wesensverdienste bygedra (2011: R89 miljoen). SEACOM het 'n wesensverlies van R109 miljoen vir die jaar onder oorsig gerapporteer (2011: R121 miljoen verlies) en Remgro se deel van hierdie verlies was R27 miljoen (2011: R30 miljoen verlies). Voordat dit verkoop is, is die belegging in Tracker "gehou vir verkoop" en gevolglik is geen inkomste vanaf Tracker gedurende die jaar onder oorsig verantwoord nie (2011: R23 miljoen).

Ander beleggings
Die bydrae van ander beleggings tot wesensverdienste het R22 miljoen bedra (2011: R25 miljoen), waarvan Business Partners se bydrae R12 miljoen (2011: R18 miljoen) was.

Sentrale tesourie en ander netto korporatiewe koste
Hoër gemiddelde kontantbalanse het veroorsaak dat die bydrae deur die sentrale tesourie-afdeling tot R140 miljoen (2011: R76 miljoen) toegeneem het. Ander netto korporatiewe koste het R141 miljoen (2011: R137 miljoen) bedra. Die toename in ander netto korporatiewe koste kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n hoër aandeleskemakoste wat die gevolg is van die aanpassing aan die aanbodpryse van aandelegroeiregte wat deur deelnemers gehou is, na die ontbondeling van die belegging in Implats.

Totale verdienste
Totale verdienste het met 14.4% tot R9 284 miljoen (vyftien maande tot 30 Junie 2011: R10 841 miljoen) afgeneem, hoofsaaklik as gevolg van die verandering in jaareinde in 2011 wat tot gevolg gehad het dat sekere beleggingsmaatskappye vir vyftien of agtien maande in die vergelykende tydperk verantwoord is, teenoor slegs twaalf maande gedurende die jaar onder oorsig. Daar moet ook gelet word daarop dat die verdienste vir die jaar onder oorsig, onder andere, kapitaalwinste ten bedrae van R4 047 miljoen insluit wat met die verkoop van RMBH- en RMI-aandele aan Royal Bafokeng Holdings (Edms)

Beperk, die verkoop van Tracker en die ontbondeling van Implats gerealiseer is, sowel as 'n rekeningkundige wins ten bedrae van R231 miljoen wat met die samesmelting van KTI en Tiso gerealiseer is.

4. INTRINSIEKE WAARDE

Remgro se intrinsieke waarde per aandeel het met 12.2% vanaf R135.97 op 30 Junie 2011 tot R152.61 op 30 Junie 2012 toegeneem, ondanks die ontbondeling van die belegging in Implats wat die intrinsieke waarde op 30 Junie 2012 met R4.55 verminder het. Die verhoging in die effektiewe kapitaalwins-belastingkoers het die intrinsieke waarde per aandeel met 'n verdere R1.60 verminder. Op 'n vergelykbare grondslag het die intrinsieke waarde per aandeel dus met 16.7% toegeneem teenoor Junie 2011. Verwys na Bylaag B vir volle besonderhede.

5. BELEGGINGSAKTIWITEITE

Die belangrikste beleggingsaktiwiteite gedurende die jaar onder oorsig was soos volg:

RMB Holdings Beperk (RMBH) en RMI Holdings Beperk (RMI)

Gedurende Desember 2011 het Remgro 50 088 654 RMBH-aandele en 68 866 361 RMI-aandele vir 'n totale bedrag van R2 091.1 miljoen aan Royal Bafokeng Holdings (Edms) Beperk verkoop. Die transaksie het effektief Remgro se belange in onderskeidelik RMBH en RMI vanaf 31.5% en 34.9% tot 27.9% en 30.3% verlaag.

Grindrod Beperk (Grindrod)

Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro 138 588 358 Grindrod gewone aandele vir 'n totale bedrag van R2 089.4 miljoen verkry. Hierdie verkrygings het tot gevolg gehad dat Remgro 'n effektiewe 23.5%-belang in Grindrod verkry het (23.1% op 'n ten volle verwaterde grondslag). Die resultate van Grindrod is vir die agt maande tot 30 Junie 2012 volgens die ekwiteitsmetode verantwoord.

Tracker Investment Holdings (Edms) Beperk (Tracker)

Die belegging in Tracker is gedurende Oktober 2011 vir 'n totale bedrag van R1 226.5 miljoen verkoop.

Kagiso Trust Investments (Edms) Beperk (KTI) en Tiso Group (Edms) Beperk (Tiso)

Met ingang van 1 Julie 2011 het KTI en Tiso as 'n nuwe entiteit, Kagiso Tiso Holdings (Edms) Beperk (RF) saamgesmelt, en Remgro se belang op 'n ten volle verwaterde grondslag in die nuwe entiteit is 25.1%.

Dark Fibre Africa (Edms) Beperk (Dark Fibre)

Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro 'n verdere R248.0 miljoen direk in Dark Fibre belê. Hierdie belegging het Remgro se effektiewe belang in Dark Fibre tot 49.6% verhoog (2011: 46.5%).

Dorbyl Beperk (Dorbyl)

Gedurende Februarie 2012 het Remgro 11 839 510 aandele in Dorbyl aan RECM en Calibre Beperk vir 'n nominale bedrag verkoop. Die transaksie het Remgro se belang in Dorbyl tot 6.5% verlaag (2011: 41.4%). Die oorblywende 2 218 836 aandele (of 6.5%) is gedurende September 2012 verkoop.

Impala Platinum Holdings Beperk (Implats)

Op 31 Mei 2012 is daar aangekondig dat die belegging in Implats as 'n dividend *in specie* aan Remgro-aandeelhouers in die verhouding van 5.16582 Implats-aandele vir elke 100 Remgro-aandele gehou, uitgekeer word. Die Implats-aandele is op 25 Junie 2012 uitgekeer.

Geen dividendbelasting is op die uitkering betaalbaar nie aangesien Remgro voldoende SBM-krediete beskikbaar het om teen die dividend aan te wend.

Ander kleiner beleggings is gedurende die jaar onder oorsig gemaak in, onder andere, die Milestone China Funds, Premier Team Holdings Limited en Kagiso Infrastructure Empowerment Fund, en het R367 miljoen bedra.

GEBEURE NA 30 JUNIE 2012:

Capevin Holdings Beperk (Capevin Holdings)

Gedurende April 2012 het Capevin Holdings aangekondig dat hulle van voorneme is om al die aandele in Capevin Investments Beperk (Capevin Investments) wat nog nie deur hulle besit word nie, te verkry deur die uitreik van 21 Capevin Holdings-aandele vir elke 1 Capevin Investments-aandeel. Die effektiewe datum van die transaksie was 13 Augustus 2012.

Die transaksie het geen invloed op Remgro se indirekte belang in Distell Groep Beperk gehad nie.

MARC Group Beperk (MARC)
Gedurende September 2012 het Remgro 'n aanbod van Kagiso Media Beperk ontvang om die totale uitgereikte aandelekapitaal van MARC vir 'n bedrag van R335 miljoen te verkry, plus 'n addisionele R10 miljoen ten opsigte van 'n aandeelhouerslening aan MARC, op voorwaarde dat ten tye van die implementering van die transaksie MARC se enigste bates sy aandeelhoudings in Experiential Marketing (Edms) Beperk, EXP Momentum Beperk, Trinergy Brand Connectors (Edms) Beperk en Bull Rugby Holdings (Edms) Beperk is.

Ten einde uitvoering aan bogenoemde transaksie te gee, sal Remgro al die MARC-aandele wat hy nog nie besit nie, vanaf MARC se minderheidsaandeelhouers moet verkry. Beide hierdie transaksies is aan die vervulling van sekere opskortende voorwaardes onderhewig en daar word verwag dat die voltooiingsdatum 31 Januarie 2013 sal wees.

Mediclinic International Beperk (Mediclinic)
Mediclinic het op 1 Augustus 2012 'n volledige herfinansiering van sy Switserse en Suid-Afrikaanse skuld aangekondig. As deel van die transaksie het Mediclinic voorgestel om nuwe ekwiteit te verkry deur 'n R5.0 miljard regteaanbod. Remgro het 'n onderskrywingsooreenkoms met Mediclinic aangegaan ingevolge waarvan hy ingestem het, onderhewig aan die vervulling van sekere voorwaardes, om die regteaanbod ten volle te onderskryf. Remgro se blootstelling is tot R3.0 miljard verminder vanweë die feit dat 'n derde party R2.0 miljard op 'n eerste-uitgrondslag subonderskryf het.

Op 31 Augustus 2012 het Mediclinic aangekondig dat daar aan alle opskortende voorwaardes wat met die regteaanbod verband hou, voldoen is. Die regteaanbod sal bestaan uit die aanbieding van 174.6 miljoen nuwe Mediclinic-aandele teen 'n uitreikingsprys van R28.63 per aandeel, in die verhouding van 26.77263 nuwe Mediclinic-aandele vir elke 100 Mediclinic-aandele gehou. Ingevolge die regteaanbod sal Remgro vir 75.8 miljoen nuwe Mediclinic-aandele inskryf teen 'n totale inskrywingsprys van R2.17 miljard. Remgro se blootstelling ingevolge die onderskrywingsooreenkoms is dus beperk tot R0.83 miljard.

Kagiso Tiso Holdings (Edms) Beperk (RF) (KTH)
Gedurende Augustus 2012 het Remgro sy aandeelhouding in KTH verhoog deur 'n addisionele 7.2%-belang vir 'n totale bedrag van R484.8 miljoen te verkry. Hierdie transaksie het Remgro se belang vanaf 25.1% tot 32.3% verhoog.

6. TESOURIE-AANDELE

Op 30 Junie 2011 is 2 918 266 Remgro gewone aandele (0.6%) as tesourie-aandele deur 'n volfiliaalmaatskappy van Remgro gehou. Soos voorheen gerapporteer is hierdie aandele aangekoop ten einde Remgro se aandele-aansporingskemas te verskans.

Gedurende die jaar onder oorsig is geen Remgro gewone aandele aangekoop nie, terwyl 639 111 Remgro gewone aandele aangewend is ten einde Remgro se verpligting teenoor skema deelnemers, wie die regte wat aan hulle toegeken is uitgeoefen het, te vereffen.

Op 30 Junie 2012 is 2 279 155 Remgro gewone aandele (0.5%) as tesourie-aandele gehou.

7. KONTANTBRONNE BY DIE KERN

Die maatskappy se kontantbronne op 30 Junie 2012 was soos volg:

	30 Junie 2012			30 Junie 2011
	Plaaslik R'm	Buiteland R'm	Totaal R'm	R'm
Per gekonsolideerde staat van finansiële stand	**4 515**	**1 969**	**6 484**	4 315
Belegging in geldmarkfondse	**–**	**2 344**	**2 344**	1 725
Min: Kontant van bedryfsfiliale	**(494)**	**(7)**	**(501)**	(188)
Kontant by die kern	**4 021**	**4 306**	**8 327**	5 852

Op 30 Junie 2012 was ongeveer 54% (R2 344 miljoen) van die beskikbare buitelandse kontant by die kern in geldmarkfondse, wat nie as kontant en kontantekwivalente op die staat van finansiële stand geklassifiseer is nie, belê.

DIREKSIE

Mnr Thys Visser, hoofuitvoerende beampte van Remgro, het op 26 April 2012 in 'n motorongeluk gesterf. Die Raad en werknemers van Remgro bring hulde aan hom en eer hom vir sy leierskap, visie, integriteit en hooggewaardeerde bydrae tot die groep.

Mnr Jannie Durand is op 7 Mei 2012 as die nuwe hoofuitvoerende beampte van Remgro aangestel.

VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

Sekondêre belasting op maatskappye (SBM) en dividendbelasting

Met ingang van 1 April 2012 is SBM vervang met 'n dividendbelasting. Ingevolge die nuwe wetgewing, sal maatskappye toegelaat word om hul beskikbare SBM-krediete, vir 'n tydperk van drie jaar vanaf die effektiewe datum van dividendbelasting, teen toekomstige dividende aan te wend.

Verklaring van Dividend Nr. 24

Hiermee word kennis gegee dat 'n finale bruto dividend van 188 sent (2011: 213 sent) per aandeel verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandele van een sent elk en die ongenoteerde B-gewone aandele van tien sent elk, vir die jaar geëindig 30 Junie 2012.

Die totale dividend per aandeel vir die twaalf maande geëindig 30 Junie 2012 bedra dus 314 sent teenoor 314 sent vir die vergelykende vyftien maande geëindig 30 Junie 2011.

Aandeelhouers moet daarop let dat die totale dividend van 314 sent per aandeel vir die tydperk tot 30 Junie 2011 63 sent per aandeel ingesluit het wat verband hou met die drie maande waarmee die groep se finansiële jaareinde tot 30 Junie 2011 verleng is.

Die maatskappy sal SBM-krediete van 188 sent per gewone aandeel en 188 sent per ongenoteerde B-gewone aandeel aanwend. Daar sal gevolglik geen dividendbelasting afgetrek word op die finale bruto dividend vir enige Remgro-aandeelhouer nie.

Die uitgereikte aandelekapitaal op die verklaringsdatum is 481 106 370 gewone aandele en 35 506 352 B-gewone aandele. Die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9500-124-71-5.

Saam met die Implats-aandele wat op 25 Junie 2012 as 'n dividend *in specie* ten bedrae van R7.28 per aandeel uitgekeer was, sal die totale uitkerings aan Remgro-aandeelhouers vir die jaar onder oorsig gevolglik R10.42 per aandeel bedra.

Belangrike datums:

Laaste dag van verhandeling ten einde vir die finale dividend te kwalifiseer	Vrydag, 9 November 2012
Verhandelinge op of na hierdie datum sal met uitsluiting van die finale dividend wees	Maandag, 12 November 2012
Rekorddatum	Vrydag, 16 November 2012
Betaaldatum	Maandag, 19 November 2012

Aandeelhouers mag nie tussen Maandag, 12 November 2012, en Vrydag, 16 November 2012, beide datums ingesluit, hulle aandeelsertifikate dematerialiseer of rematerialiseer nie.

Die jaarverslag sal gedurende Oktober 2012 aan lede gepos word.

Geteken namens die raad van direkteure.

Johann Rupert
Voorsitter

Jannie Durand
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch
20 September 2012

DIREKSIE

Nie-uitvoerende direkteure
Johann Rupert (*Voorsitter*), E de la H Hertzog (*Ondervoorsitter*),
P E Beyers, G T Ferreira*, P K Harris*, N P Mageza*, J Malherbe,
P J Moleketi*, M M Morobe*, M A Ramphele*,
F Robertson*, H Wessels*
*(*Onafhanklik)*

Uitvoerende direkteure
J J Durand (*Hoofuitvoerende beampte*),
W E Bührmann, L Crouse, J W Dreyer, J A Preller

MAATSKAPPY-INLIGTING

Sekretaris
M Lubbe

Notering
JSE Beperk
Sektor: Nywerhede – Algemene Nywerhede

Sake-adres en geregistreerde kantoor
Millennia Park
Stellentialaan 16
Stellenbosch 7600
(Posbus 456, Stellenbosch 7599)

Oordragsekretaris
Computershare Investor Services (Edms) Beperk
Marshallstraat 70
Johannesburg 2001
(Posbus 61051, Marshalltown 2107)

Ouditeure
PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Stellenbosch

Borg
Rand Aksepbank ('n Afdeling van FirstRand Bank Beperk)

BYLAAG A
SAMESTELLING VAN WESENSVERDIENSTE

	Twaalf maande geëindig 30 Junie 2012 R'm	Twaalf maande geëindig 30 Junie 2011 R'm	Vyftien maande geëindig 30 Junie 2011 R'm
Finansiële dienste			
RMBH	**1 261**	1 014	1 489
RMI Holdings	**768**	183	183
FirstRand	**509**	718	1 173
Nywerheidsbelange			
Mediclinic	**491**	474	474
Unilever SA Holdings	**367**	312	374
Distell Group[1]	**324**	328	433
Rainbow Chicken	**197**	220	285
Tsb Sugar	**352**	134	187
Air Products South Africa	**181**	139	139
Grindrod	**88**	–	–
Nampak	**–**	33	33
KTH/KTI	**93**	59	256
Total South Africa	**124**	191	289
PGSI	**1**	18	11
Wispeco	**44**	35	45
Ander nywerheidsbelange	**(26)**	(13)	(14)
Mediabelange			
Sabido	**129**	116	116
MARC	**11**	(17)	(14)
Ander mediabelange	**(47)**	(68)	(82)
Mynbelange			
Implats	**148**	112	112
Tegnologiebelange			
CIV groep[2]	**85**	89	91
Tracker	**–**	23	57
SEACOM	**(27)**	(30)	(51)
Ander tegnologiebelange	**19**	15	14
Ander beleggings	**22**	25	28
Sentrale tesourie	**140**	76	89
Ander netto korporatiewe koste	**(141)**	(137)	(162)
Wesensverdienste	**5 113**	4 049	5 555
Geweegde aantal aandele (miljoen)	**514.1**	513.3	513.2
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**994.6**	788.8	1 082.4

Aantekeninge

1. Sluit beleggings in Capevin Investments Beperk en Capevin Holdings Beperk in.
2. Sluit die beleggings van CIV Fibre Network Solutions (Edms) Beperk, CIE Telecommunications (Edms) Beperk, CIV Power (Edms) Beperk, Central Lake Trading No. 77 (Edms) Beperk en Dark Fibre Africa (Edms) Beperk in.

BYLAAG B
SAMESTELLING VAN INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

	30 Junie 2012		30 Junie 2011	
	Boek-waarde R'm	**Intrinsieke waarde R'm**	Boek-waarde R'm	Intrinsieke waarde R'm
Finansiële dienste				
RMBH	**9 438**	**13 758**	9 968	11 846
RMI Holdings	**5 530**	**7 810**	5 623	6 404
FirstRand	**3 258**	**5 801**	3 027	4 363
Nywerheidsbelange				
Mediclinic	**4 622**	**10 601**	4 216	8 776
Unilever SA Holdings	**3 051**	**7 026**	2 990	5 313
Distell Groep[1]	**2 258**	**5 935**	2 100	4 725
Rainbow Chicken	**2 139**	**3 140**	2 108	3 455
Tsb Sugar	**1 910**	**3 372**	1 546	2 804
Air Products South Africa	**642**	**2 774**	521	2 257
Grindrod	**2 315**	**1 871**	–	–
KTH/KTI	**1 765**	**1 667**	1 441	1 667
Total South Africa	**941**	**1 217**	972	1 374
PGSI	**581**	**585**	578	582
Wispeco	**409**	**350**	383	343
Ander nywerheidsbelange	**425**	**424**	458	457
Mediabelange				
Sabido	**845**	**1 768**	898	1 405
MARC	**168**	**168**	169	168
Ander mediabelange	**56**	**56**	16	16
Mynbelange				
Implats[2]	**–**	**–**	4 862	4 862
Tegnologiebelange				
CIV groep[3]	**1 428**	**1 550**	1 027	1 236
Tracker	**–**	**–**	587	1 196
SEACOM	**586**	**926**	577	1 057
Ander tegnologiebelange	**228**	**226**	255	278
Ander beleggings	**1 200**	**839**	944	634
Sentrale tesourie – kontant by die kern[4]	**8 327**	**8 327**	5 852	5 852
Ander netto korporatiewe bates	**1 332**	**1 622**	441	744
Netto batewaarde (NBW)	**53 454**	**81 813**	51 559	71 814
Potensiële KWB-aanspreeklikheid[5]		**(3 319)**		(1 965)
NBW na belasting	**53 454**	**78 494**	51 559	69 849
Uitgereikte aandele na aftrekking van aandele teruggekoop (miljoen)	**514.3**	**514.3**	513.7	513.7
NBW na belasting per aandeel (Rand)	**103.93**	**152.61**	100.37	135.97

Aantekeninge

1. Sluit die beleggings in Capevin Investments Beperk en Capevin Holdings Beperk in.
2. Die ontbondeling van die belegging in Implats het 'n negatiewe uitwerking op intrinsieke waarde van R4.55 per aandeel gehad. Die verhoging in die effektiewe kapitaalwins-belastingkoers het die intrinsieke waarde per aandeel met 'n verdere R1.60 verminder. Op 'n vergelykbare grondslag het die intrinsieke waarde per aandeel dus met 16.7% toegeneem teenoor Junie 2011.
3. Sluit die beleggings van CIV Fibre Network Solutions (Edms) Beperk, CIE Telecommunications (Edms) Beperk, CIV Power (Edms) Beperk, Central Lake Trading No. 77 (Edms) Beperk en Dark Fibre Africa (Edms) Beperk in.
4. Kontant by die kern sluit uit kontant gehou deur filiale wat afsonderlik hierbo gewaardeer is (hoofsaaklik Rainbow Chicken, Tsb Sugar en Wispeco).
5. Die potensiële kapitaalwinsbelasting (KWB)-aanspreeklikheid is bereken op die spesifieke-identifikasiemetode deur gebruik te maak van die voordeligste berekening vir beleggings wat voor 1 Oktober 2001 verkry is en die korporatiewe vrystellingsbepalings word ook in ag geneem. Uitgestelde KWB op beleggings "beskikbaar vir verkoop" is onder "ander netto korporatiewe bates" hierbo ingesluit.
6. Vir doeleindes van berekening van die intrinsieke waarde, word ongenoteerde beleggings teen direkteurswaardasies aangetoon en genoteerde beleggings teen beurspryse.
7. Intrinsieke waardes is ongeouditeer.

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR OP DIE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE AAN DIE AANDEELHOUERS VAN REMGRO BEPERK

Die verkorte gekonsolideerde finansiële state, wat bestaan uit die verkorte gekonsolideerde staat van finansiële stand soos op 30 Junie 2012, die verkorte gekonsolideerde inkomstestaat, die verkorte gekonsolideerde state van omvattende inkomste, veranderings in ekwiteit en kontantvloeie vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en verwante aantekeninge, soos uiteengesit op bladsye 1 tot 14, is opgestel vanuit die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state van Remgro Beperk vir die jaar geëindig 30 Junie 2012. Ons het ongemodifiseerde ouditmening uitgespreek op hierdie gekonsolideerde finansiële state in ons verslag gedateer 20 September 2012.

Die verkorte gekonsolideerde finansiële state bevat nie alle openbaarmaking soos vereis deur Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos toepaslik op finansiële state nie. Die lees van die verkorte gekonsolideerde finansiële state kan gevolglik nie as plaasvervanger vir die lees van die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state van Remgro Beperk gesien word nie.

Direkteure se verantwoordelikheid vir die verkorte gekonsolideerde finansiële state
Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die opstel van die verkorte weergawe van die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state ooreenkomstig die vereistes van artikel 8.57 van die JSE Beperk Noteringsvereistes en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos toepaslik op verkorte finansiële state.

Ouditeur se verantwoordelikheid
Dit is ons verantwoordelikheid om 'n mening oor hierdie verkorte gekonsolideerde finansiële state uit te spreek gebaseer op ons prosedures, wat ooreenkomstig "International Standard on Auditing (ISA) 810", "Engagements to Report on Summary Financial Statements", uitgevoer is.

Mening
Na ons mening is die verkorte gekonsolideerde finansiële state, soos opgestel vanuit die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state van Remgro Beperk vir die jaar geëindig 30 Junie 2012, in alle wesentlike opsigte, in ooreenstemming met daardie gekonsolideerde finansiële state, ooreenkomstig die vereistes van artikel 8.57 van die JSE Beperk Noteringsvereistes en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos toepaslik op verkorte finansiële state.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Direkteur: C J Matthee
Geregistreerde Ouditeur

Stellenbosch
20 September 2012

www.remgro.com